Mense wat dink hulle is danig smart

Yster Swart van Die Vierde Kabinet-faam het ‘n sêding gehad: “Mense wat dink hulle is danig smart, is nie altyd so danig smart nie.” Ek het daaraan gedink toe ek weer die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar gelees het (Luk 18:9-14). Want dit was presies die probleem met die Fariseer. Hy het gemeen hy is danig smart.

Dit lyk my God het nie erg aan mense wat dink hulle is wie nie. Daarom waarsku die Bybel op verskillende maniere en plekke teen hoogmoed en hooghartigheid en eiegeregtigheid en dié soort euwels, maar word karaktertrekke soos nederigheid, beskeidenheid, inskiklikheid en sulke dinge as deugde geprys.

Terwyl ons nou in die Epifanie-tyd is, waarin ons oor Jesus se aardse lewe dink, staan dit van Hom ook voorop: sy nederigheid. Sy tuisdorp was so obskuur dat koning Konstantyn se vrou ‘n afvaardiging na Palestina moes stuur om uit te vind waar dié dorp nou eintlik is. En sy geboorteplek gryp nou ook nie juis die verbeelding aan vir die luuksheid van die akkommodasie nie. Sy aardse ouers het nie getel onder die voorstes in die land nie.

G’n wonder Jesus was nie opgewonde oor die Fariseërs met hulle hooghartige houding nie! Ek wonder wat Hy dink van vandag se ingesteldheid van beter, blinker, vernamer.